

**1. BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om ontwikkel:

2014 -11- 25  
brongebaseerde vrae te  
PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

KOGNITIEWE VLAKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENING VAN VRAE
<b>VLAKE 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek inligting uit bronne</li> <li>• Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese begrippe/terme</li> </ul>	<b>30% (15)</b>
<b>VLAKE 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting verkry uit bronne</li> <li>• Analiseer bewyse uit bronne</li> </ul>	<b>40% (20)</b>
<b>VLAKE 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne</li> <li>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul>	<b>30% (15)</b>

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**2. OPSTELVRAE**

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

**2.3 Globale assessering van 'n opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer

nie

- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

- Herhaling


- Analise

- Interpretasie

R

Av

1√



*BM.*

*SP*

*[Handwritten signature]*

*[Handwritten signatures and initials]*

**2.5. Die matriks**

**2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle**

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.


I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.



I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26-27
A	VLAK 3	





**NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50**

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
<b>AANBIEDING</b>   <b>INHOUD</b> 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
<b>VLAK 3</b> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
<b>VLAK 1</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

**DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION**  
  
 2014 -11- 25  
 PRIVATE BAG X 110  
 PRETORIA 0001  
**PUBLIC EXAMINATIONS**



**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE****VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN IN DIE 1970's OP DIE STUDENTE VAN SOWETO GEHAD?**

## 1.1

1.1.1 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 1A – V1]*

- 'n Filosofie verkondig deur Steve Biko sodat swart Suid-Afrikaner ontslae kon raak van hul minderwaardigheid gevoelens
- 'n Ideologie wat idees van selfstandigheid, selfwaarde, sielkundige vryheid en swart trots verkondig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- Swart Bewussyn wou hê dat mense aan groepstrots uiting gee
- Swart Suid-Afrikaners vasberade gemaak om opgang te maak om die beoogde self te bereik
- Psigiese vryheid van swart mense
- Ontslae te raak van die gevoel van minderwaardigheid (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - V2]*

- Beheer van die denke/verstand van swart Suid-Afrikaners was die gevaarlikste tipe onderdrukking
- Die apartheidsregering het swart Suid-Afrikaners gemanipuleer deur hulle verstandelik te onderdruk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- Swart Bewussyn sal maak dat die swart man homself sal sien as 'n mens, die hele self nie as 'n verlengstuk of 'n bykomende hefboom van een of ander masjien nie
- Die swart man sal nie pogings deur enigeen duld wat die belangrikheid van sy menswees (ware man) wil verkleineer nie/ Om dinge op hulle eie te kan doen (2 x 1) (2)

## 1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B - V1]*

- Leiers van die SASO en die BPC is verban (Inperkingsbevele)
- Baie aktiviste was in die tronk
- Doodmaak van aktiviste (bv. Shezi)
- Teistering deur die spesiale magte (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Prominente leiers van die SMB het in ballingskap gegaan en by die ANC en PAC aangesluit
- SMB het invloedryke leiers verloor as gevolg van sluipmoorde en moorde
- BPC-organiseerders was in die tronk/ in detensie
- Die ondersteuning vir SMB in die land afgeneem
- Verbanning van handelsunie organisasies
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

Blaai om asseblief

BM

SP

9

## 1.2.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]

- Hulle het besluit om ondergronds te gaan en betrokke geraak by gemeenskapstryde/ het weerstand gebied teen die apartheidsregering
- Hulle het gekonsentreer op die verspreiding van die idees van SB
- Het in ballingskap gegaan
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

## 1.3

## 1.3.1 [Verduideliking van informasie verkry uit Bron 1C – V1]

- (a) Tsiesti Mashinini het 'n massabetoging in Soweto voorgestel teen die gebruik van die Afrikaanse taal in swart Suid-Afrikaanse skole / het deel van die aksiekomitees gevorm

(1 x 2) (2)

- (b) Seth Mazibuko het die aanvanklike klasboikot by Orlando West Junior teen die gebruik van die Afrikaanse taal in swart Suid-Afrikaanse skole georganiseer

(1 x 2) (2)

## 1.3.2 [Analise van bewyse uit Bron 1C - V2]

- Afrikaans is beskou as 'n instrument van onderdrukking
- Het swart Suid-Afrikaners voorberei op knegskap/ ongeskoolde arbeid
- Afrikaans het die vordering van swart Suid-Afrikaanse studente in die onderwys beperk
- Wou studente werf om by SASM aan te sluit/ beïnvloed deur swartbewussyn
- Dit was nie hul moedertaal nie/ onbekende taal en het daarom geweier om in Afrikaans te studeer
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

## 1.3.3 [Verduideliking van informasie verkry uit Bron 1C - V2]

- Groepe studente het op verskillende punte in Soweto bymekaar gekom
- Studente het besluit om 'n optog te hou teen die gebruik van die Afrikaanse taal in swart Suid-Afrikaanse skole
- Hulle het in Orlando-wes van oral in Soweto bymekaar gekom
- Teen 10:30 het byna 5 000 studente in Vilikazistraat (Vilakazi) aangekom
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

## 1.3.4 [Bepaling van bruikbaarheid van Bron 1C – V3]

- Die bron is bruikbaar omdat dit sommige idees van Swart Bewussyn aandui (vasberadenheid om onderdrukking te beveg, 'die omstandighede kan nie toegelaat word om voort te duur nie', 'iets moet gedoen word')
- Die Bron is bruikbaar omdat wys dat swart Suid-Afrikaners die voortou neem om die omstandighede in Soweto skole te verander
- Die Bron is bruikbaar omdat dit oorspronklike verklarings van jeug leiers bevat wat deur die idees van Swart Bewussyn beïnvloed
- Die Bron is bruikbaar omdat dit 'n beskrywing gee van die volgorde van gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die optog teen Afrikaans
- Enige ander relevante antwoord

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 25
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## 1.4

## 1.4.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]

- Dit wys die vasberadenheid/eenheid van die studente wat besluit het om 'n optog te hou teen die gebruik van die Afrikaans taal
- Dit wys dat baie studente deelgeneem het aan die Soweto opstand
- Dit wys een van die redes vir die optog in Soweto teen die gebruik van die Afrikaans taal

- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

## 1.4.2 [Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1D – V2]

- Dit wys dat die studente van Soweto die gebruik van Afrikaans as 'n medium van onderrig in hul skole afgekeur het
- Dit mobiliseer studente om by die optog aan te sluit teen Afrikaans, die werktuig van Bantoe-onderwys
- Toon woede/ ontnugtering/gegriefdheid
- Enige ander relevante antwoord

(1 x 2) (2)

## 1.5 [Vergelyking van bewyse uit Bron 1C en 1D – V3]

- Bron 1C wys hoe die idees van Swart Bewussyn (waagmoed en swartes wat die voortou neem) studente leiers beïnvloed het in die organisasie en mobilisering van die Soweto skole.

Bron 1D wys die praktiese invloed van die Swartbewussynfilosofie op studente wat optogte teen die Afrikaanse taal loods

- Bron 1C toon selfbewustheid en selfstandigheid by leiers van SASM (Sibongile Mkhabela en Seth Mazibuko) om apartheid beleide uit te daag

Bron 1D verwys na bewyse van vasberadenheid en entoesiasme onder die studente wat 'n optog hou teen die gebruik van die Afrikaanse taal

- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

## 1.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bron - V3]


Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Die filosofie van Swart Bewussyn het swart mense beïnvloed om trots op hulself te wees en ontslae te raak van hul minderwaardigheid kompleks (Bron 1A)
- Swart Bewussyn besiel swart Suid-Afrikaanse gemeenskappe met aanmatiging en self vertroue (Bron 1A)
- Dit het eenheid en onafhanklikheid optrede onder swart Suid-Afrikaners bevorder (Bron 1A)
- Die Filosofie van Swart Bewussyn het die stigting van studente-organisasies soos SASO en SASM tot volg gehad (Bron 1B)
- Swart Bewussyn het die stigting van BPC beïnvloed wat 'n aantal projekte onder swart gemeenskappe onderneem het (Bron 1B)
- Swart Bewussyn het stakings aangemoedig soos die Durban-staking in 1973
- Swart Bewussyn het die stigting van politieke organisasies soos AZAPO beïnvloed
- Swart Bewussyn het grootliks die Soweto-opstand van 1976 beïnvloed (Bron 1C en 1D)
- Enige ander relevante antwoord


Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip van die invloed wat die filosofie van Swart Bewussyn op swart Suid-Afrikaners gedurende die 1970's gehad het nie.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	PUNTE: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip van die invloed wat die filosofie van Swart Bewussyn op swart Suid-Afrikaners gedurende die 1970's gehad het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	PUNTE: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon deeglike begrip van die invloed wat die filosofie van Swart Bewussyn op swart Suid-Afrikaners gedurende die 1970's gehad het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	PUNTE: 6 – 8

(8)  
[50]







**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE HANTEER?**

2.1

## 2.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]

- Om menslike en burgerlike waardigheid te herstel
  - Om die rehabilitasie en herstel van slagoffers wat mense regte skending ervaar het te fasiliteer
  - Openbare erkenning as hoofbydraer tot die helingsproses
  - Om die stemme en die waardigheid tot die voorheen gemarginaliseerde te herstel
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 1) (2)

## 2.1.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]

- MRSK het 'n platform geskep vir agterblywendes om hul stories te vertel
  - MRSK het 'n stem gegee aan diegene wat voorheen stilgemaak was
  - MRSK het aan oortreders die geleentheid gebied om vergifnis te soek
  - MRSK het openbare erkenning vir slagoffer en oortreder verskaf HRVC
  - MRSK het slagoffers via die WVK verhoor toegelaat om genesing te verkry (afsluiting)
  - Om openbare verhoor te hou
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 1 x 2) (2)

## 2.1.3 [Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – V1]

- Bring mense van verskillende politieke sieninge/oortuigings bymekaar wat nie voorheen oor die weg kon kom nie
  - Om vorige vyande bymekaar te bring op 'n manier om nasie bou en genesing aan te moedig
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 1 x 2) (2)

## 2.1.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]

- Dit het die geheime van die verlede ontbloot toe agterblywendes hul getuie/verklarings deel
  - Dit het diegene wat growwe menseregteskending gepleeg het, aangemoedig om na vore te kom
  - Openbare erkenning van skuld deur oortreders
  - Oorlewendes is die geleentheid gegee om in die openbaar aan te dui hoe hul menseregte geskend is
  - Dit was nie oor wraak of geweld nie, maar het eerder op herstel en heling gefokus
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 2) (4)

## 2.1.5 [Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2A – V2]

- Hulle het getuig oor die mans wat in hul lewens was wat verdwyn as gevolg van hul politieke aktiwiteite
  - Meeste van hul mans, seuns en vaders was aktiviste wat of vermoor of verdwyn het as gevolg van hul deelname in die stryd vir vryheid
  - Hulle het die stilte verbreek omdat vroue direk betrokke was/ Vroue wou graag gehoor word
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 2) (4)

## 2.2

## 2.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- 'Wit' Suid-Afrikaanse polisieman was verantwoordelik vir haar man se dood. (1 x 1) (1)

## 2.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Polisie het hom aangehou
- Val na sy dood vanaf die sewende vloer van die polisiehoofkwartier
- Saloojee se bloedbevleekte klere is ontdek
- Die ondervraging het vyf minute geduur/ Geen vrae is toegelaat deur die landdros (enige 1 x 2) (2)

## 2.2.3 [Bepaling van bruikbaarheid van Getuienis 1 uit Bron 2B – V3]

**Bruikbaar tot 'n groot mate**

- Die getuie kan gestaaf word met opnames van die WVK
- Getuienis is by die WVK gegee
- Getuienis vertel die storie van 'n weduwee wie getuig oor die dood van haar man by die WVK
- Wys op die geweld wat deur die apartheidsregering gepleeg was
- Sy het erken dat die insident gemaak het dat sy wit polisiemanne en wit Suid-Afrikaners haat
- Gee getuienis (sleutelbesonderhede) oor haar man se dood
- Dit verwys na die tydperk deur die WVK aangedui (werklike verhoor)
- Enige ander relevante antwoord

OF

**Bruikbaar tot 'n mindere mate/ tot geen mate nie**


- Bron is partydig ten gunste van die weduwee
- Gee nie die oortreders se siening nie
- Wys nie of vergifnis gesoek is nie/aan gebied is
- Haar vrae is nie beantwoord nie
- As gevolg kon sy nie afsluiting kry nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

## 2.2.4 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Hy wou weet wie die skuldiges was sodat hy hulle kon vergewe
- Hy wou hê dat diegene wat die opdrag gegee vir die bomontploffing hul betrokkenheid moes erken (enige 1 x 2) (2)

## 2.2.5 [Onttrekking van informasie uit Bron 2B – V1]

- Getuienis 1: SAP/ polisie
- Getuienis 2: ANC



## 2.3 [Verduideliking hoe Bron 2A en 2B mekaar ondersteun – V3]

- Bron 2A – WVK moedig oorlewendes aan om hul stories te deel deur middel van openbare verhore  
Bron 2B – Gee voorbeelde van openbare verhore
- Bron 2A – Fokus op die stemme van die wat voorheen gemarginaliseer was  
Bron 2B – Oorlewendes het die geleentheid gebruik om hul getuie te deel
- Bron 2A – Die WVK het genesende geregtigheid beoefen  
Bron 2B – Gee voorbeelde van slagoffers wat genesing gesoek het
- Bron 2A – WVK erken die skending van menseregte  
Bron 2B – Oorlewendes het vorme van geweld beklemtoon wat aanhoudend gepleeg was

(enige 2 x 2) (4)

## 2.4

## 2.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]

- 55%

## 2.4.2 [Interpretasie van data uit Bron 2C – V2]

- Dit beeld wit Suid-Afrikaners uit as die enigste oortreders
- Wit Suid-Afrikaners was in 'n negatiewe lig beskou
- Afrikaners het gevoel dat hulle niks verkeerd gedoen het nie
- Wit Suid-Afrikaners het gevoel dat die 'n 'heksejag' was'
- Hulle het gevoel dat die verlede agtergelaat moes word en nie van gepraat word nie
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

## 2.4.3 [Interpretasie van informasie uit Bron 2C – V2]

- Swart Suid-Afrikaners wou hê dat vergoeding aan hulle betaal word
- Beeld die mate van menseregteskending uit wat swart Suid-Afrikaners moes verduur
- Oortreders is bekend gemaak hulle het rekonsiliasie verlang
- Die lyding wat die meeste swart Suid-Afrikaanse aktiviste moes verduur is nou geopenbaar
- Swart Suid-Afrikaners wou afsluiting hê en om te versoen met die verlies van hul geliefdes
- Enige ander relevante antwoord


(enige 1 x 2) (2)

## 2.5

## 2.5.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]

- Kritici het dit bevestig of die kommissie effektief vorige ongeregtighede ontmasker het of maar net 'n pleister opgeplak het
- Persoonlike weergawes as openbare voorbeelde
- Doen min om verandering te bring
- Sweep emosies op
- Verskoon die apartheidsregering vir menseregte skendings
- Sommige het gegrief gevoel met die kommissie se uitbuiting van die enkeling se trauma
- Vervolging en strafoplegging was die enigste manier hoe geregtigheid sal voortbestaan

(enige 2 x 1) (2)



## 2.5.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]

- Sommige mense het nie die wetlikheid van die WVK erken nie
- 'n Paar mense wou wraak hê deur middel van vervolging en skuldigbevinding van oortreders
- Sommige mense wou hê dat oortreders beboet/tronkstraf opgelê word
- 'n Paar families (Steve Biko) het amnestie van oortreders teengestaan
- Oopmaak van ou wonde van die verlede
- Persoonlike ondervindinge was openbaar gemaak om die aansprake geldig te maak
- Die WVK het emosies opgesweepte maar het min gedoen om verandering te bring
- Baie mense het gevoel dat die vergoeding (reparasies) wat aangebied is te min was
- Anti-apartheidsaktiviste het geargumenteer dat die WVK ongrondwetlik was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

## 2.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne - V3]


Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

**SUKSESVOL**

- Oortreders is identifiseer en het erken wat hulle gedoen het (Bron 2A)
- Openbare verhore is dwarsoor Suid-Afrika gehou (Bron 2A)
- 'Stem was aan diegene gegee wie voorheen stilgemaak was (Bron 2A)
- Oortreders het vergifnis gesoek (Bron 2A en 2B)
- Meeste agterblywendes en slagoffers wie voor die WVK verskyn het, het afsluiting ontvang (Bron 2A en 2B)
- Menseregteskending is bloot gelê (Bron 2B en 2D)
- Gedeeltes (vergoeding) reparasies is betaal
- Verskaf genesing aan die nasie (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**EN/OF****ONSUKSESVOL**

- Maak openbare voorbeelde van persoonlike verlies (Bron 2A)
- Doen min om verandering in slagoffers se lewens te maak (Bron 2D)
- Kwytstelling van apartheid oortreders se mense regte skending
- Geen vervolging of skuldigbevinding van oortreders nie (Bron 2D)
- Amnestie was toegestaan (Bron 2D)
- WVK was beskou as 'n 'heksejag' deur wit Suid-Afrikaners
- Daar was geen nagevolge vir oortreders wie nie in die WVK deelgeneem het nie (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord




Blaai om asseblief

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<p><b>VLAK 1</b></p>	<p>Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip om verduidelik of die WVK suksesvol was om Suid-Afrika se verdeelde verlede te hanteer nie</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<p><b>PUNTE: 0 – 2</b></p>
<p><b>VLAK 2</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip om verduidelik of die WVK suksesvol was om Suid-Afrika se verdeelde verlede te hanteer</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	<p><b>PUNTE: 3 – 5</b></p>
<p><b>VLAK 3</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon deeglike begrip om verduidelik of die WVK suksesvol was om Suid-Afrika se verdeelde verlede te hanteer</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<p><b>PUNTE: 6 – 8</b></p>

(8)  
[50]



**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISERING GEHAD OP EKONOMIESE VERHOUDINGS TUSSEN LANDE WAT IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFRONDE GELEË WAS?**

3.1

3.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep deur die gebruik van Bron 3A – V1]*

- Globalisasie is die proses waardeur die vrye vloei van idees, goedere dienste en kapitaal geskied wat aanleiding gee tot die integrasie van ekonomieë en gemeenskappe (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Internasionale Monetêre Fonds
- Wêreldbank (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Globalisasie floreer in demokratiese lande wat die vrye vloei van idees en goedere toelaat
- Die implementering van ekonomiese praktyke het aanleiding gegee tot die vaslegging van demokrasie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 3A – V2]*

**Kandidate moet aandui of hulle SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE en hul antwoorde met relevante bewyse staaf.**


**STEM SAAM**

- Dit kon ontwikkelende lande help om ekonomies onafhanklik te word (eie hulp)
- Ontwikkelende lande sal minder afhanklik wees van ontwikkelende lande vir bystand
- Ontwikkelende lande sal baat vind by vry handel as gevolg van die implementering van die vrye handel stelsel
- Ontwikkelende lande het hul per capita-inkomste met twee-derdes verhoog sedert die implementering van die vrye handel stelsel
- Verbruikers kan baat vind omdat die vryhandelstelsel kan help om pryse te verlaag op sommige goedere
- Verbruikers het toegang tot 'n verskeidenheid van goedere as gevolg van die handelsliberaliseringstelsel
- Handelsliberaliseringstelsel het aanleiding gegee tot werkskepping vir laer vaardigheid werkers
- Gevolg tot hoër ware inkomste vir laer vaardigheid werkers
- Die aantal mense in volslae armoede het afgeneem sedert die implementering van die handelsliberaliseringstelsel in sommige gevalle.
- Enige ander relevante antwoord

*BM*

*[Handwritten signature]*

*[Handwritten signature]*



**STEM NIE SAAM**

- Omdat ryk lande nie hul markte vir produkte oopmaak waar ontwikkelende lande 'n vergelykende voordeel het nie gee dit aanleiding tot onregverdigte handelsbetrekkinge tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande
- Die ekonomiese ongelykhede tussen noord en suid duur nog steeds voort
- Vryemarkstelsel (handelliberalisme) het aanleiding gegee tot die herstrukturering van arm lande se ekonomieë
- Die herstrukturering van die ekonomie het aanleiding gegee tot verminderde besteding op gesondheid, onderwys en ontwikkeling
- Dit gee aanleiding tot maatskappy/beheer en verspreiding van goedere wat aanleiding gee tot prysbeheer
- Handhawing van die 'ryk en arm' sindroom sowel as die 'afhanklike sindroom' deur prysbeheer en uitbuiting
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 [Verduideliking en Interpretasie van informasie uit Bron 3B - V2]

- Ongelykheid neem toe in die wêreld
- Ongelykheid neem toe binne lande
- Ongelykheid neem toe tussen ryk en arm lande (enige 1 x 2) (2)

3.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]

- 74 tot een (1 x 2) (2)

3.2.3 [Verduideliking en Interpretasie van informasie uit Bron 3B – V2]

- Om te verseker dat swartes in die Suid 'n beter lewe geniet
- Om die neiging te verander waarby ontwikkelende lande hoofsaaklik uitvoerders van grondstowwe is te stop
- Om te verseker dat Afrika afgeronde produkte kan produseer van hul eie grondstowwe (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 [Bepaling van bruikbaarheid van inligting uit Bron 3B – V3]

**Kandidate moet aandui of die bron BRUIKBAAR is of NIE BRUIKBAAR NIE en hul antwoorde ondersteun met relevante bewyse.**

**BRUIKBAAR**

- Die bron weerspieël die menings van die gewese president van die Republiek van Suid-Afrika, Thabo Mbeki op die impak van globalisasie op ontwikkelende lande
- Die bron weerspieël die groeiende gaping tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande as gevolg van globalisering
- Die bron weerspieël ook hoe die ontwikkelde lande voordeel getrek het uit globalisering ten koste van ontwikkelende lande
- Die bron weerspieël hoe globalisering gebruik kan word tot die voordeel van ontwikkelende lande
- Enige ander relevant response

**NIE BRUIKBAAR NIE**

- Die bron gee net Mbeki se standpunte op die impak van globalisering op ontwikkelende lande
- Die bron konsentreer net op die negatiewe aspekte van globalisering op ontwikkelende lande
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

fblm.

SP

A

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014-11-25
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA (2002)004
Blad om assabliering

## 3.3 [Vergelyking en interpretasie van bewyse uit Bron 3A en 3B – V3]

**In respons op die vraag, moet die kandidate Bron 3A en Bron 3B vergelyk om die verskille te beklemtoon**

- Bron 3A argumenteer dat globalisasie bygedra tot die vermindering van armoede terwyl Bron 3B wys dat globalisasie wel bygedra tot die groei van wêreld armoede
- Bron 3A argumenteer dat ryk lande 'n meer betekenisvolle rol moet speel om armoede te beveg terwyl Bron 3B beklemtoon dat ontwikkelende lande globalisasie moet gebruik om armoede te verslaan
- Bron 3A fokus op hoe ontwikkelende lande kan baat vind by uitvoere na ontwikkelde lande terwyl Bron 3B argumenteer teen die verskynsel van ontwikkelende wat slegs dien as uitvoerders van grondstowwe
- Bron 3A is 'n Westerse perspektief (positief) oor globalisering en Bron 3B is 'n Afrika perspektief (negatief)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

## 3.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]

- Skuld vereffening
- Ekonomiese herstrukturering (enige 1 x 1) (1)

## 3.4.2 [Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 3C – V2]

**Kandidate moet aandui of hulle SAAM STEM of NIE SAAMSTEM NIE en hul antwoorde ondersteun met relevante bewyse.**

**SAAM STEM**

- Ontwikkelende lande kan Strukturele Aanpassingsplanne gebruik om hul ekonomieë meer doeltreffend te maak
- Strukturele Aanpassingsplanne rus die ekonomieë van ontwikkelende lande toe om volgehoue groeiplanne te handhaaf
- Strukturele Aanpassingsplanne kan aanleiding gee tot die verlaging van staatsbesteding
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM**

- Die Strukturele Aanpassingsplanne het aangedring dat arm lande hul lewenstandaard verlaag
- Arm lande was forseer om neo-liberale (vrymarkstelsels) ekonomiese beleide in te stel wat regerings forseer het om maatskaplike besteding te verminder
- Arm lande forseer om hul markte te oop te maak wat bygedra het tot armoede en afhanklikheid
- Arm lande was forseer om hul markte oop te maak waarin handel slegs die ryk lande bevoordeel het (Ryk lande het hul goedkoop produkte vir hoër pryse verkoop, terwyl arm lande hul duur produkte vir goedkoop pryse verkoop het)
- Die Strukturele Aanpassingsplanne het bygedra tot die vergroting van die inkomste gaping tussen ryk en arm lande
- Enige ander relevante antwoord

## 3.4.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]

- Ontwikkelende lande verkoop goedkoop produkte teen hoë pryse
- Ontwikkelde lande koop duur produkte teen goedkoop pryse
- Handelswanbalans vergroot die gaping tussen ryk en arm

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION (2 x 2) (4)
2014 -11- 25
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS Blaai om asseblief



## 3.4.4 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]

- Vervaardigde goedere word hoofsaaklik in ponde en dollar verkoop en daarom sal ontwikkelende lande nie hierdie goedere bekostig nie/ te duur
  - Ryk lande het nie hul produksie-instrumente verkoop nie
  - Ryk lande het die alleenhandel (monopolie) op die produksie-instrument
- (enige 2 x 1) (2)

## 3.5.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]


- Afrika
  - Europa
- (2 x 1) (2)

## 3.5.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]

- Koffie
  - Bananas
  - Goud
  - Rys
  - Koper
  - Ivoor
  - Steenkool
  - Vrugte
  - Groente
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 1) (2)

## 3.5.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]

- Noordelike en Suidelike Halfronde het nie handel as gelyke vennote gedryf nie (Suid se hoë arbeidsintensiewe produkte [is duur] word teen goedkoop pryse verhandel vir lae intensiteit [goedkoop] produkte met die Noorde)
  - Die handelsvennote word in verskillende groottes voorgestel wat ongelikheid voorstel
  - Die Noorde word voorgestel as ryk terwyl die Suide voorgestel word as arm (die manier waarop die 'handelaars' geklee is)
  - Die Noorde word voorgestel as ontwikkel (hoë tegniese goedere) terwyl die Suide voorgestel word as minder ontwikkel (Die Suide stuur hul produkte na die marke)
  - Enige ander relevante antwoord
- (2 x 2) (4)



Blaai om asseblief

3.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die Bronne – V3]

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die lande wat in die Noordelike Halfrond geleë is, het ryk geword terwyl die suide arm gebly het. (Bron 3B)
- Ongelykhede tussen die noordelike state en die suide het toegeneem sowel as die inkomste gaping (Bron 3B)
- Die noordelike state het globalisasie gebruik om hul rykdom en mag te vermeerder om sodoende hul ekonomiese verdrinking van die suide te handhaaf (Bron 3B)
- Om hul ekonomieë te verbeter, het lande geleë in die Suidelike Halfrond lenings gemaak by die IMF en Wêreldbank (Bron 3C)
- Die lenings het streng bepalings gehad (Strukturele Aanpassingsplanne) wat aanleiding gee tot verminderde maatskaplike besteding van arm lande in die suide (Bron 3C)
- Die lande van die Suidelike Halfrond was ook onder verpligting om hul mark oop te maak om hul ekonomieë 'n hupstoot te gee (Bron 3C)
- Dit gee aanleiding tot onregverdige handelspraktyke tussen lande geleë in Noordelike en Suidelike Halfronde (Bron 3D)
- Globalisering gee verbruikers toegang tot 'n meer verskeidenheid van produkte (Eie kennis)
- Globalisering het aanleiding gegee tot die skepping van meer werkgeleenthede vir ongeskoolde werkers in ontwikkelende lande (Eie kennis)
- Werk skepping gee aanleiding tot die vermindering van armoede in die meeste ontwikkelende lande (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

<p><b>VLAK 1</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip van die impak wat globalisering op die ekonomiese verhoudinge tussen lande gehad het wat in die Suidelike en Noordelike Halfronde geleë is.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie...</li> </ul>	<p><b>PUNTE:</b> 0-2</p>
<p><b>VLAK 2</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip van die impak wat globalisering op die ekonomiese verhoudinge tussen lande gehad het wat in die Suidelike en Noordelike Halfronde geleë is.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	<p><b>PUNTE:</b> 3-5</p>
<p><b>VLAK 3</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon deeglike begrip van die impak wat globalisering op die ekonomiese verhoudinge tussen lande gehad het wat in die Suidelike en Noordelike Halfronde geleë is.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<p><b>PUNTE:</b> 6-8</p>

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION

**PUNTE:**  
6-8

2014 (8)- 25  
[50]

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

Blaai om asseblief

**AFDELING B: OPSTELVRAE****VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA**

*[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate interne weerstandsbewegings in Suid-Afrika suksesvol was om PW Botha se apartheidsregime gedurende die 1980's uit te daag. Hulle moet die rol van verskillende weerstandsorganisasies soos die UDF, ECC beklemtoon terwyl hulle 'n gedagterigting ontwikkel.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aan dui tot watter mate interne weerstandsbewegings die apartheidsregime gedurende die 1980's uitgedaag het.

**UITBREIDING****Tot 'n groot mate**

- Botha se beleid van Totale Aanslag/ Totale Strategie
- Hervormingswetsontwerpe (1983-Grondwet, Driekamerparlement 1984, 'Koornhof Bills')
- End Conscription Campaign (Beëindig Diensplig veldtog) van 1983 en sy impak
- Stigting en rol van die UDF ('Don't vote' [Moenie Stem] veldtog, 'Miljoen Handtekeninge'-veldtog in 1984)
- Massaprotas in swart Suid-Afrikaanse woonbuurte in 1984 en 1985 (bv. Wegblyveldtogte georganiseer deur die Vaal Burgerlike Vereniging, Verbruikersboikotte georganiseer deur Pebco in die Oos Kaap, rol van religieuse organisasies ens.)
- Protes optogte (bv. Langa-township in die Oos-Kaap),
- Skoolboikotte hoofsaaklik gelei deur COSAS in 1983 en 1985 (Atteridgeville, Tembisa, Alexandra, Soweto, Wes-Kaap en Natal)
- Gemeenskappe onderneem huurboikotte, bv. in Vaaldriehoek en Soweto in 1984
- Stigting en impak van COSATU en ander unies in die stryd van werkers
- Wegbly-aksies in Meidag 1986 en NUM-staking in 1987
- Aankondiging van die Noodtoestand 1985 tot 1986 deur die PW Botha-regime
- Opkoms die van die Massa Demokratiese Beweging in 1989 en die Versetveldtog teen apartheidswette in groot stede bv. Kaapstad, Durban en Johannesburg.
- Die rol van die Black Sash, byvoorbeeld in burgerlike protes en bystand vir slagoffers van apartheid
- Teen die einde van die 1980's het duisende Suid-Afrikaners hul lewens verloor in die stryd om vryheid (bv. dood in aanhouding, 'swart op swart' geweld en vigilante groepe)
- Geleidelik het die Suid-Afrikaanse regering besef dat verandering nodig was
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**Indien kandidate tot 'n mindere mate aandui moet hulle, hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
[50]
2014-11-25 PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
PLAAT OM ASSEBLIEF

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet bespreek tot watter mate leierskap en ooreenkomste tussen die verskillende politieke organisasie gedurende die onderhandelings proses tot die geboorte van Suid-Afrika se demokrasie in 1994 aanleiding gegee het.

### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting aandui en bespreek tot watter mate die rol van leiers soos FW de Klerk en Nelson Mandela gelei het tot toegewings en samesprekings wat tot die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 aanleiding gegee het.

### UITBREIDING

#### TOT 'N GROOT MATE

- (Redes vir die onderhandelingsproses) FW de Klerk's se toespraak op 2 Februarie 1990 in die parlement was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika (leierskap)
- Hy het die onbanning van politieke organisasies aangekondig (leierskap)
- Vrylating van Nelson Mandela in Kaapstad op 11 Februarie 1990 het die weg gebaan vir 'n onderhandelingskikking (leierskap)
- [Geweld in Sebokeng] lei tot 'n vertraging in die Groote Schuur-minuut in Mei 1990 - NP laat politieke gevangenes vry (leierskap)
- Pretoria-minuut in Augustus 1990 - ANC kondig aan dat hulle die gewapende stryd gaan staak en die regering het aangekondig dat dit die noodtoestand gaan ophef (leierskap)
- CODESA 1 in Desember 1991 - 19 politieke partye het dit bygewoon - the PAC en KP het nie deelgeneem om 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika op te stel nie (leierskap en politieke partye)
- ANC en die NP stel voor 'n Verklaring van Voorneme in 1991 (leierskap en kompromie)
- Die 'Slegs blankes'-referendum in Maart 1992 – het aan De Klerk die goedkeuring gegee om te onderhandel (leierskap)
- CODESA 2 in Mei 1992– SAUK sou 'n neutrale siening gee, massa-optrede om die onderhandelingsproses te bespoedig/ Boipatong /Bhisho-slagting (leierskap en kompromie)
- Rekord van Verstandhouding in September 1992 – geheime samesprekings tussen die ANC en NP – verbind hulself tot die onderhandelingsproses (politieke partye)
- Veelparty onderhandelinge by Kempton Park/ sluipmoord op Chris Hani/ rol van Mandela/ stel 'n RNE en 'n Sonsondergang-klousule voor (kompromie en leierskap)
- Tussentydse Grondwet in November 1993 (toegewing)
- Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994 (politieke partye)
- Krediet moet aan kandidate gegee word wie melding maak van die rol wat geweld in die onderhandelings proses gespeel het om hul antwoord te bewys
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

Kopiereg voorbehou

BM.

*[Handwritten signatures]*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 25
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
PUBLISHED BY THE PARLIAMENTS

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE**

*Bepan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet hulle argumentslyn aandui deur te wys hoe verbrokkeling van die Sowjetunie gedien het om politieke verandering in Suid-Afrika te versnel. Hulle moet relevante bewyse gebruik van hoe die verbrokkeling beide die Suid-Afrikaanse regering en die African National Congress met geen keuse gelaat het as om te onderhandel nie.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet na die stelling verwys en verduidelik hoe die verbrokkeling van die Sowjetunie die politieke toekoms van Suid-Afrika beïnvloed het en die weg gebaan het vir onderhandelinge.

**UITBREIDING**

- Agtergrond (Glasnost en Perestroika) Die impak van die val van kommunisme in Rusland op Suid-Afrika
- Die Nasionale Party het die African National Congress beskou as 'n agent van kommunistiese Rusland
- Met die verbrokkeling van die Sowjetunie het die ANC verswak
- Die verbrokkeling van die Sowjetunie het beteken die Nasionale Party sy opvatting rakende die ANC moes verander
- Die val kommunisme en die Slag by Cuito Cuanavale het 'n groot impak op die Suid-Afrikaanse siening gehad om nie met 'kommuniste te praat' nie
- Die Suid-Afrikaanse regering het besluit om uit Angola te onttrek en om 'n ooreenkoms vir Namibië onderhandel
- Die vreedsame oordra van meerderheid regering in Namibië het beide die ANC en die Suid-Afrikaanse regering aangemoedig om te praat
- Die kommer van die Nasionale Party rakende die invloed van die SAKP binne die ANC-alliansie is verwyder
- NP kon nie langer kommunisme as voorwendsel vir onderdrukking gebruik nie
- Suid-Afrika was nie meer 'n belangrike speler in die Koue Oorlog politiek nie
- Die Nasionale Party kon nie meer die bedreiging van kommunisme as 'n maatstaf gebruik om steun van die Westerse regerings te werf nie
- Westerse regerings het druk op Suid-Afrika geplaas om apartheid te beëindig
- Westerse regerings het druk op Suid-Afrikaanse regering geplaas om met die ANC samesprekings te begin
- Die val van kommunisme het ook die ANC affekteer
- ANC kon nie langer op die Sowjetunie steun vir ekonomiese en militêre steun nie
- Sosialisme was nie meer 'n opsie vir die revolusionêre ANC nie
- Die resultaat was dat die ANC gereed was om te onderhandel
- Die veranderde wêreld en massa-optogte in Suid-Afrika gee aanleiding tot spanning binne die NP
- Dit gee aanleiding tot 'n verandering van leierskap binne die NP in 1989
- FW de Klerk het begin met 'n hervormingsbeleid
- In 1989 lang aanhoudende verbanne politieke gevangenes vrygelaat

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 25
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
Blaai om asseblief

Kopiereg voorbehou

BM.

- In Februarie 1990 het De Klerk die vrylating van Nelson Mandela aangekondig
- De Klerk het ook politieke organisasies soos die ANC, PAC en SAKP wettig verklaar
- Die regering was gewillig om te onderhandel om apartheid te beëindig
- Enige ander relevante antwoord

• Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **50]**

**TOTAAL: 150**

